# HOOFSTUK III.

## ONDERWYS GEDURENDE DIE OORLOGSJARE (1899-1902).

1. Onderwystoestande aan die einde van 1899. Die algemene organisasie van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek was teen die end van 1899 doeltreffend, en die gees daarvan was in harmonie met dié van die bevolking. Ongelukkig moes dit van Oktober 1899 af, met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, plek maak vir 'n onderwysstelsel wat in ooreenstemming met die liberalistiese beleid van lord Milner moes wees.

Die onsekerheid wat daar seker by onderwysers en skoolkommissies geheers het, nl. of die skole nog moes voortbestaan nadat oorlog verklaar is, is op 3 Oktober uit die weg geruim. Volgens 'n besluit van die Uitvoerende Raad sou alle staats- en gesubsidieerde skole van 1 Oktober af tot nadere kennisgewing as gesluit beskou word[1].

In die lig van die voorgaande is dit dus te verstane dat daar nie voortgegaan is met die oprigting van die skoolgebou op Vereeniging nie. Behalwe die feit dat alle skole gesluit is, is die burgers natuurlik opgekommandeer, met die gevolg dat alles net so gelaat is.

2. Die onderwys in die konsentrasiekamp op Vereeniging.

(a) Historiese agtergrond van die kampidee. Na 'n jaarlange stryd was die einde van die oorlog, wat volgens die verwagting van die Britse owerheid slegs 'n paar maanse sou duur, nog nie in sig nie. Die Britse militêre owerheid het uit wanhoop besluit om 'n laaste desperate poging aan te wend om die einde van die oorlog te bespoedig. Hulle het uitgegaan van die veronderstelling dat die Boere tot

/oorgawe ............

---

1. Notule, Uitvoerende Raad, 3.10.1899, artikel 908.

oorgawe gedwing sou kon word deur die sametrekking van hulle vrouens en kinders in konsentrasiekampe en deur die vernietiging van alle voedselvoorrade en die verbranding van hulle huise en alles wat bruikbaar is op hulle plase[1].

Dit was dan ook die mening van die Britse owerheid dat hierdie taktiek sou slaag, want in September 1901 het lord Milner o.a. soos volg aan die "Uitlander Committee of Cape Town" geskryf: "The formation of Concentration Camps has been adopted purely on military grounds as a means of hastening the end of the war which is, after all, in the first interest of the refugees themselves, and, as a military measure, it is, I believe, succeeding"[2].

Ook is die argument aangevoer dat van die Afrikanervrouens as spioene opgetree het en dat dit dus gewens was dat hulle verwyder en onder toesig gehou word[3].

Die gevolg van al hierdie argumente was dat "refugee camps" op verskeie plekke gestig is[4]. Ook "were columns operating, clearing areas of the white

/residents ..........

---

1. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, 525-526.
2. Devitt: Concentration camps in South Africa, 17.
3. Beak: The aftermath of war, 22.
4. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje Vrystaat, 3. ( Hoewel byna 100% van die mense teen hulle sin"en geforseer is om in hierdie kampe te bly, was die Engelse owerhede, veral aan die begin, lief om die kampe "refugee camps" en die inwoners daarvan "refugees" te noem").

residents, burning homesteads where considered necessary, and removing the people .... to approved centres"[1].

Nadat alle voedselvoorrade en wonings vernietig is, is vrouens en kinders, wat slegs toegelaat is om die noodsaaklikste behoeftes saam te neem, op oop waens gelaai om na die kampe vervoer te word[2]. Op die waens self was dit beknop, aangesien daar ongeveer ses huisgesinne op 'n wa gelaai is[3].

Die reis vanaf die afgeleë plase moet - veral vir die ou moeders, verwagtende vrouens en jong kinders - uiters vermoeiend gewees het. Vrouens en kinders moes soms die hele dag lank, sonder 'n druppel water of kos, in die son, sand en stof op die oop waens bly sit[4]. Waar die reis meer as een dag geduur het - en dit het soms tot agt dae geduur - het sommige vrouens en kinders snags onder bokseile onder die waens vernag, maar sommige gesinne moes onder die blote hemel slaap. Die reis is dan die volgende oggend vroeg hervat, soms so vroeg as 3 vm. terwyl die bokseile en die aarde wit van die ryp was[5].

Waar die kampe ver van die plaas was, is die vrouens en kinders met ossewaens na die stasie en daarna in oop goederetrokke vervoer[6].

So is in Transvaal sestien kampe opgerig, waarvan die kleinste op Vereeniging was; in die Oranje-Vrystaat dertien, in Natal sewe en in die Kaapprovinsie vier. Die getal blankes in hierdie kampe byeengebring in Maart 1902 was 111,508 persone, waarvan 48,336

/kinders was ........

---

1. Devitt: Concentration Camps in South Africa, 16.
2. Neethling: Mag ons vergeet, 154. (Vertelling deur mev. Hester Jacobs).
3. Barnard: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die Klerksdorpse distrik, 96-97.
4. Postma: Stemme uit die verlede, 33. (Verklaring deur mev. D. Jones).
5. Neethling: a.w., 154-158.
6. Van baie kante meegedeel.

kinders was[1]. Altesaam moes daar heelwat meer persone na die kampe geneem gewees het, want op hierdie tydstip is alleen sowat 15,000 kinders oorlede[2].

(b) Die kamp op Vereeniging.

(i) Stigting en beheer. Die Vereenigingse konsentrasiekamp is in Januarie 1901 gestig[3]. Die kamp was geleë aan die suid-oostelike hoek van die dorpsgebied op die noordelike oewer van die Vaalrivier[4].

Byna al die inwoners was afkomstig van die distrik wat lê suid van die spoorlyn wat Potchefstroom en Heidelberg oor Johannesburg, verbind en noord van die Vaalrivier. Hulle is beskou as "....for the most part of a superior class of burgher, better educated and more advanced in the manners of arts of civilisation ...."[5].

Die kamp is verdeel in twee dele, nl. een vir die vrywilliges ("refugees"), die ander vir die vrouens en kinders wat onder arres daarheen vervoer is[6]. In eersgenoemde afdeling was taamlik baie mans wat deur die Engelse gebruik is om die buitgemaakte vee op te pas. Vanselfsprekend is daar met minagting deur die vrouens op hierdie mans neergesien[7].

Die terreinkeuse is as betreklik doeltreffend beskou, veral wanneer dit vergelyk word met ander kampe[8].

/Die kamp ..........

---

1. Cd. 939.
2. Cd. 934 en Cd. 939.
3. Cd. 893, 137.
4. Cd. 819.
5. Cd. 853.
6. (a) Cd. 819.
   (b) Leslie: Herinneringe, 6.
7. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 40.
8. Otto: Die konsentrasiekampe, 66.

Die kamp was onder beheer van 'n kampsuperintendent, Tucker, wat deur die Distrikskommissaris aangestel is. Hierdie Superintendent was in sekere opsigte baie simpatiek teenoor die vrouens en kinders[1].

Op 11 Maart 1901 was die kampbevolking soos volg[2]:

| | Ou mense | | 12-21 jaar | | Onder 12 jaar | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Vrouens | Mans | Vrouens | Seuns & Dogters | |
| In tende | 85 | 108 | 46 | 35 | 280 | 554 |
| In huise | 14 | 19 | 14 | 21 | 42 | 110 |
| TOTALE | 99 | 127 | 60 | 56 | 322 | 664 |

(ii) <u>Behuising</u>. Die families is in tente gehuisves. Die tentlewe was egter uit die aard van die saak uiters ongerieflik, want die vrouens is nie toegelaat om meubels saam te bring nie en dit is ook nie verskaf nie. Beddens moes op die grond gemaak word, en omdat die vrouens en kinders nie hieraan gewoond was nie, het dit nie lank geduur nie of hulle het begin siek word[3]. Daarby was sommige tente nog geskeur, die wind het koud daarin gewaai en dit het gelek as dit reën[4]. Dit wil ook voorkom asof diegene wat in tente gebly het wat vroeër deur Britse troepe gebruik is, las van luise gehad het[5].

Die bevoorregtes in die kamp het later houtkatels ontvang wat met rourieme gemat was, maar die oorgrote

/meerderheid .........

1. Leslie: Herinneringe, 133-134.
2. S.T.A.2694/01.
3. Barnard: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die Klerksdorpse distrik, 89.
4. Ibid., 89.
5. Postma: Stemme uit die verlede, 101. (Ondervindinge van A. Boshoff).

meerderheid was nog "without any sort of bedstead"[1].

As tiperend van die kamplewe en die toestande wat in die kampe geheers het, word die volgende woorde van mej. Emily Hobhouse aangehaal: "From one side or the other it was clear that the Boer women with their little ones must suffer. They were between the Devil and the deep sea"[2].

(iii) Voedsel- en watervoorsiening. Die gevolg van die gebrek aan behoorlike voedsel was bepaald een van die belangrikste oorsake van die hoë sterftesyfer onder die kinders. Dit was blykbaar so skraal dat die groeiende kinders wat aan genoeg voedsame kos op die plase gewoond was, nie die nodige weerstand teen siektes kon opbou nie.

Rantsoenkaartjies waarmee hulle kosrantsoene kon bekom, is aan die kampinwoners uitgereik. Vrouens en kinders moes dan in lang rye voor die kombuise gaan staan met hulle skotteltjies of sakkies om hulle rantsoene te ontvang. Moeders wie se teenwoordigheid soms onontbeerlik was by die tente as gevolg van siekte, moes so soms ure lank in die ry staan en wag[3].

Die weeklikse rantsoen per persoon het bestaan uit die volgende:

7 lb. meelblom of boermeel,
4 onse sout,
6 onse koffie,
12 onse suiker,
3 lb. vleis,
1 lb. rys.

Dieselfde rantsoene is aan kinders uitgereik as

/aan volwassenes ...

1. Cd. 893, 135.
2. Devitt: Concentration Camps in South Africa, 16.
3. Neethling: Mag ons vergeet, 160. (Verklaring deur mev. H. Jacobs).

aan volwassenes met dié verskil dat kinders onder twaalf jaar slegs $1\frac{1}{2}$ lb. vleis ontvang het. Vir sover dit melk aangaan, is aan kinders onder vyf jaar 'n kwartbottel per dag uitgereik [1].

In praktyk wil dit voorkom asof die inwoners van kampe heelwat minder as bogenoemde rantsoene ontvang het [2]. Die vleis het veel te wense oorgelaat, want dit was in die reël maer en oneetbaar [3].

Volgens rantsoene toegestaan, moes elke volwassene twee lb. steenkool en kinders elk $1\frac{1}{2}$ lb. ontvang het, asook voldoende vuurmaakhout [4], dog dit was blykbaar in die praktyk anders gewees, want behalwe dat die steenkool baie ongereeld ontvang is, moes die brandhout elders gevind word - in die meeste gevalle op aangrensende plase ens. Dit moes dan self deur die vrouens en kinders aangedra word [5].

Aanvanklik is geen voorsiening vir water vir die was van klere gemaak nie en die vrouens was genoodsaak om in die rivier te gaan was. Ook vir die voorsiening van drinkwater is nie gesorg nie, want dit moes uit die Kliprivier geskep word, op 'n plek waar naturelle effens hoër op gebaai het en hulle wasgoed gewas het. Dit het baie gou veroorsaak dat maagkoors in die kamp uitgebreek het. Hierdie toeval het die Superintendent

/laat besluit ......

---

1. Cd. 893, 2.
2. (a) Neethling: Mag ons vergeet, 160. (Verklaring deur mev. H. Jacobs).
   (b) Postma: Stemme uit die verlede, 34. (Verklaring deur mev. D. Jones).
3. Ibid.
4. Cd. 893, 134.
5. Van baie kante meegedeel.

laat besluit om 600 gallon water per dag te laat kook vir drinkwater[1]. Hierna het dit vir 'n tydjie beter gegaan, maar die voorspoed was nie van lange duur nie, want aan die begin van Augustus 1901 het siektes soos maagkoors, masels, pneumonie, stuipe, disenterie en bronchitis die sterftesyfer onrusbarend hoog laat styg[2].

Desondanks was die inwoners van die kamp volgens die Kommissaris, maj. Goodwin, volgens sy verslag oor dié kamp, "of a superior class .... happy and contented"[3].

(iv) Siektes en sterfgevalle. Die hoë sterftesyfer in die Vereenigingse kamp kan uit die volgende tabel duidelik afgelei word[4]:

| Tydperk | Totale<br>Totale bevolking | Aantal sterfgevalle |
|---|---|---|
| 1901 April | 733 | 5 |
| Mei | 811 | 5 |
| Junie | 806 | 6 |
| Julie | 1038 | 4 |
| Augustus | 976 | 50 |
| September | 975 | 40 |
| Oktober | 905 | 8 |
| November | 925 | 6 |
| Desember | 950 | 15 |
| 1902 Januarie | 937 | 13 |
| Februarie | 955 | 3 |
| Maart | 944 | 3 |
| April | 954 | 3 |

/Dat ...............

1. S.T.A. 3386/01.
2. Government Gazatte, 21.9.1901.
3. S.T.A. 446/01.
4. Otto: Die konsentrasiekampe, 172.

Dat ingewandskoors as gevolg van die gebrek aan behoorlik gesteriliseerde water baie voorgekom het, blyk daaruit dat dr. Turner by een inspeksie van die kamp - blykbaar aan die beginstadium - gevind het dat daar 44 gevalle van ingewandskoors was onder 'n kampbevolking van slegs ongeveer 664 [1]. Hierdie dr. Turner is met die oorname van die kampe deur die „siviele owerheid" aangestel om 'n wakende oog te hou oor die kampe. Hy het die betrekking van "Medical Officer of Health" aanvaar, maar onder die verstandhouding dat indien verwag word dat hy vir die gesondheidstoestand van die kampe verantwoordelik gehou sou word, hy voldoende mag tot optrede moes ontvang - anders sou hy nie verantwoordelik gehou kon word as daar byvoorbeeld ernstige epidemies uitbreek nie [2]. Turner is toe maar opdrag gegee om die kampe te inspekteer en meer bepaald oor die sanitêre toestande volledige verslag te lewer. Hy het sy verbasing uitgespreek oor alles wat hy gesien het [3].

Masels, koors, inflammasie, kinkhoes en ander siektes asook onvoldoende beddegoed, slaap op koue nat grond, swak voeding en swak drinkwater was verantwoordelik vir die hoë sterftesyfer, veral by die voorskoolse en skoolgaande kinders. Ook het die verwydering van die kinders van hulle moeders en ontoereikende mediese hulp 'n groot rol gespeel [4].

/3. Die ............

---

1. Cd. 819, 28.
2. S.T.A. 374/01, brief gedateer 2.2.1901.
3. Otto: Die konsentrasiekampe, 121.
4. (a) Devitt: The concentration camps in South Africa, 29-30 en 59-60.
   (b) Hobhouse: Die smarte van die oorlog, 102-149.

3. Die Vereenigingse konsentrasiekampskool.

(a) Historiese agtergrond. Die stigting van privaatskole in die verskillende konsentrasiekampe het die Britse militêre owerheid op die gedagte gebring om kampskole in die konsentrasiekampe op te rig. Die besluit is ook geneem om 'n Onderwysdepartement vir die verowerde gebied te skep [1].

In Oktober 1900 het lord Milner die heer E.B. Sargant, 'n bekwame opvoedkundige wat 'n deurtastende studie gemaak het van die onderwys in die verskillende Britse kolonies, versoek om na Suid-Afrika te kom om die onderwys te kom organiseer in die twee besette Boererepublieke [2].

Sargant het na sy aankoms in November 1900 'n deeglike studie gemaak van die onderwystoestande in Suid-Afrika [3]. Op 6 November 1900 is Sargant dan ook aangestel as waarnemende Direkteur van Onderwys vir die twee besette Boererepublieke [4]. Die Direkteur het spoedig bemerk dat die Britse militêre owerheid feitlik geen voorsiening vir onderwys in Transvaal gemaak het nie [5].

Tydens sy tweede besoek aan Kaapstad in Januarie 1901 het Sargant kennis gemaak met die onderwyswerk van die Groenpuntse kampskool wat deur die krygsgevangenes opgerig is. Dit het by hom die idee laat posvat van

/die sogenaamde.....

---

1. (a) Director of Education: Public education report, 1900-1904, 1-4.
   (b) Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 6.
2. (a) Director of Education: a.w., 1.
   (b) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.
   (c) Symington: a.w., 6-7.
3. Symington: a.w., 7.
4. Malherbe: Education in South Africa, 298.
5. Director of Education: a.w., 3.

die sogenaamde kampskole [1].

Die eerste kampskool is deur Sargant op Norvalspont geopen. Aangesien dit 'n sukses was, het hy sy aandag begin bestee aan die oprigting van kampskole in die Oranje-Vrystaat en vanaf Julie 1901 aan die kampskole in die Transvaal [2].

Van die vernaamste beweegredes wat aanleiding gegee het tot die stigting van die kampskole, word die volgende genoem [3]:

(i) Die Boerekinders moes verengels word. Die Afrikanerkinders moes dus beïnvloed word ten gunste van die Britse standpunt en voorberei word om Britse onderdane te word.

(ii) Dit sou 'n beter handhawing van orde en kontrole in die kampe bewerkstellig.

(iii) Dit sou die onderwysbehoeftes bevredig.

(iv) Die Engelse taal moes aan die opkomende geslag geleer word.

Met die stigting van hierdie kampskole het dit egter nie te voorspoedig gegaan nie; dit het gepaard gegaan met heelwat moeilikhede. Die vernaamste moeilikhede was [4]:

(i) Daar was 'n gebrek aan geskikte akkommodasie.

(ii) Die uitrusting en ameublement was heeltemal ontoereikend. Die skryftafels was van uiteenlopende

/aard ...............

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.
2. Director of Education: Public education report, 1900-1904, 5-7.
3. (a) Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 9.
   (b) Barnard: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die Klerksdorpse distrik, 96-97.
4. (a) Symington: a.w., 11-13.
   (b) Barnard: a.w., 97.

aard en van 'n verskeidenheid van patrone. Sitplekke is gemaak van planke op leë kissies. Die onderwys was hoofsaaklik mondelinge werk as gevolg van die tekort aan skoolmateriaal. Later het die toestande in 'n mate verbeter en het leerboeke en leie bygekom.

(iii) Daar was 'n groot tekort aan opgeleide onderwysers.

(iv) 'n Belemmerende faktor was nie net die vyandige gevoelens nie maar ook die vreemde taal. Die skole was Engels georiënteerd en hulle is met 'n sterk mate van agterdog bejeen. Die taak van die onderwysers en die inspekteurs is verder bemoeilik deurdat die skoolbesoek nie verpligtend was nie.

(v) Siektes en die hoë sterftesyfer onder die kinders van skoolgaande leeftyd het baie moeilikheid opgelewer.

Volgens die Britse kampskoolbeleid is ook met so 'n inrigting in die konsentrasiekamp van Vereeniging begin.

(b) Stigting van die kampskool op Vereeniging. Inspekteur W. Noaks was verantwoordelik vir die oprigting en organisasie van die kampskole op Vereeniging, Potchefstroom en Klerksdorp. Noaks is later opgevolg deur C.S. Bellairs[1)].

Op 30 April 1901 lewer Sargant verslag aan die Hoë Kommissaris, lord Milner, en hy wys op die toedrag van sake in die verskillende kampskole. Hy toon o.a. aan dat alhoewel 'n skool in die Vereenigingse kamp gestig en 'n hoofonderwyser of assistent aangestel is,

/nog geen .........

---

1. (a) Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 11.
   (b) Otto: Die konsentrasiekampe, 158.

nog geen skool in werking is nie[1]. Op 16 Mei het twee "refugee"-onderwysers met die skool in twee markeetente begin. Op 26 Mei is A.C. Evans as hoof van die skool aangestel[2]. Hy is bygestaan deur mejj. Van der Westhuizen en Venter[3]. Teen die einde van daardie jaar het sy personeel uitgebrei tot vyf onderwysers[4]. Die skool het gegroei en die personeel is uitgebrei na agt, waarvan die laaste twee in Maart 1902 uit Engeland aangekom het[5].

Die Superintendent van die skool was die Assistent-distriksekretaris, kaptein Bentinck, en die skool is gereeld deur inspekteur F. Roscoe besoek[6], totdat die skool in November 1902 opgehef is[7].

Vir die ouer mens is met 'n "Night School" in die kamp begin, "to spread a knowledge of English among the class of people who will probably not be in a position again to accept instruction". Vir hierdie doel is 'n spesiale onderwyser teen £4 per maand aangestel[8]. Hy het maandeliks tydskrifte en geïllustreerde blaaie gekry om aan die mense te gee om te lees[9].

(c) <u>Inskrywing</u>. Op 26 Mei 1901 was daar 100 leerlinge[10] en in Maart 1902 het die inskrywingsyfer sy hoogtepunt bereik toe daar 393 leerlinge

/was. Na ..........

---

1. (a) S.T.A 1522/01 en S.T.A. 1421/01.
   (b) Otto: Die konsentrasiekampe, 159.
2. (a) Cd. 819, 76.
   (b) Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 49.
3. S.T.A. 2591/01.
4. S.T.A. 3414/01. (Hoof: Evans, Assistente: Mejj. Venter, V.d.Westhuizen en twee Stilwell-susters).
5. (a) Maandrapport, Maart 1902.
   (b) Symington: a.w., t.a.p.
6. S.T.A. 5978/01. (Sy salaris was £500 p.j.)
7. (a) Tvl. Blouboek, 1902-1903: q.2.
   (b) Symington: a.w., 50.
8. S.T.A. 2912/01.
9. S.T.A. 2480/01.
10. Cd. 819, 76.

was[1].

Na die vrede gesluit is, het die inskrywingsyfer as gevolg van repatriasie vinnig begin daal. In die volgende tabel word die gemiddelde moontlike en werklike skoolbesoek vir die jaar geëindig 30 Junie 1903 aangedui[2]:

| Jaar eindigende | Gemiddelde moontlike skoolbesoek | Gemiddelde werklike skoolbesoek. |
|---|---|---|
| 30 Junie 1903 | 96.6 | 74.2 |

Die skool is gesluit in November 1902[3].

(d) Klaslokale. Alhoewel met die skool op 16 Mei 1901 in twee markeetente begin is[4], het dit gou gelyk dat die ruimte onvoldoende was. Die gevolg was dat Samuel Marks 'n sinkgebou met 'n oppervlakte van 702 vierkante voet aan die skool afgestaan het terwyl nog 'n stoeitent van 48 voet by 18 voet in gebruik geneem is[5]. Die hoof het vir nog sinkgeboue in plaas van tente gevra - dog sonder sukses[6].

(e) Meubels. Aanvanklik het dit moeilik gegaan om meubels vir die kampskool te verkry. Toe die Dames-

/komitee ..........

1. (a) Maandrapport, Maart 1902.
   (b) Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 50.
2. Ibid.
3. Tvl. Blouboek, 1902-1903: q.2.
4. Cd. 819, 76.
5. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 60.
6. Maandrapport, Maart 1902.

komitee hierdie kampskool besoek het, is gevind dat die grootste gedeelte van die meubels, harmonium, lampe ens. van die kampbewoners geleen is [1].

Die banke het aan die begin bestaan uit planke wat op houtkiste geplaas is. Stappe is egter gou gedoen om behoorlike skoolmeubels te bekom, want in September 1901 word gemeld dat ses mans gebruik word om banke vir die skool te vervaardig [2].

(f) Roosters. Aanvanklik is opdrag gegee dat daar twee skoolsessies moet wees, nl. van twee uur in die voormiddag en twee uur in die namiddag, plus 'n halfuur vir Godsdiensonderrig in die môre. Die kampkommandant moes dan gevra word om die beuel te laat blaas as teken vir die opening van die skool [3].

Later is egter die eensessie-skooldag ingevoer; die skooltyd het gewoonlik van 8 of 8.30 vm. tot 1 nm. geduur, met 'n halfuur pouse [4].

(g) Leergange. Die kode van die destydse Kaapse skole is as basis geneem, met hier en daar, waar nodig, klein afwykinge [5]. Slegs die mees elementêre vakke is onderrig - veral aan die begin toe hoofsaaklik nadruk gelê is op die „3 r'e", godsdiensonderrig, Engels, sang en liggaamsoefening.

Engels was die vak waaraan verreweg die meeste aandag geskenk is. Dit het dan ook die meeste gewig

/gedra by ..........

---

1. Cd. 893.
2. Cd. 853.
3. Cd. 549, 72.
4. Cd. 819, 171.
5. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 15.

gedra by inspeksies en by die oorplasing van leerlinge. "It appeared that all the inspectors classified the children primarily in respect of their knowledge of English. The Director approved of this plan ...."[1].

Ook in die verslag van die Dameskomitee wat in opdrag van die Britse parlement die kampe kom inspekteer het, is gevind dat die beoordeling van die skole en die onderwysers hoofsaaklik berus het op die doeltreffendheid van die onderrig in Engels en die mate van vordering wat die leerlinge daarin gemaak het[2].

Sargant was bewus van die godsdienssin van die Boere en het bepaal dat godsdiensonderrig deur medium van Hollands kon plaasvind. In die Vereenigingse kamp moes 'n Afrikaanse predikant gewees het wat in dié opsig behulpsaam was, want kaptein Bentinck rapporteer dat die Afrikaanse predikante glad te lief is vir Hollandse katkisasie gedurende skoolure en dat hulle vrouens gewoonlik "fire-brands" is. Hy sluit af met die opmerking: "The fewer Dutch ministers there are, the better for the camp"[3].

Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is om politieke redes nie op skool gedoseer nie[4].

Die aksieliedjies en liggaamsoefeninge wat deur die kinders uitgevoer is, het die Superintendent besonder baie geval[5].

(h) Onderwysmedium. "We use the English language in all

/subjects .........

---

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 15.
2. Ibid., 16.
3. Ibid., 50.
4. Ibid., 16.
5. Maandrapport, Februarie 1902.

subjects of secular instruction .... The religious instruction of Dutch children we leave to be given in their own language, lest we should produce a feeling of spiritual alienation between father and son .... In the Concentration Camps the parents are nearly all members of the Dutch Reformed Church and use the Dutch Bible"[1].

Uitgesonderd die Bybellesse wat deur medium van Hollands gegee is, was Engels die medium van onderrig in alle klasse. Hierdie regulasie is streng nagekom. Sargant moes hierdie vreemde instelling, wat beslis as baie onopvoedkundig bestempel kan word, seker teen wil en dank uitvoer[2].

Die gebruik van Engels as voertaal en as vak, veral in die laer afdelings, het noodwendig gepaard gegaan met heelwat probleme. Die leerlinge het die onderwysers eenvoudig gesit en aangaap sonder om die minste benul te hê wat daar eintlik in die klas aangaan[3].

Baie van die onderwysers (-esse) wat self nie hoë opvoedkundige kwalifikasies besit het nie, was Engels nie magtig nie[4].

Al voordeel wat hierdie stelsel miskien kon inhou, is dat die kinders wel mettertyd 'n bietjie Engels aangeleer het.

(i) <u>Klasindelings</u>. Die kinders is in klasse volgens standerds gegradeer. Min van hulle het gedurende hulle kampskoolloopbaan van uiters agtien maande veel by die

/onderrig ..........

---

1. Director of Education: Public education report, 1900-1904, Appendix V.
2. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 15-16.
3. Barnard: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die Klerksdorpse distrik, 100.
4. Symington: a.w., 19.

onderrig gebaat.

Baie kinders wat in die Republikeinse skole in hoër klasse was, is teruggesit aangesien hulle nou byna uitsluitlik volgens hulle kennis van Engels gegradeer is[1].

(j) Metodes. Die metodiek wat gevolg is in die kampskool het veel te wense oorgelaat, want die grootste persentasie van die onderwysers was nie net ongekwalifiseer nie maar ook onervare. Boonop was die leermiddels en -materiaal baie gebrekkig.

Aan die begin toe daar 'n tekort aan sitplekke, skryfbehoeftes en boeke was, het die onderwys meestal die vorm aangeneem van mondelinge mededelinge. Van die leerlinge is verwag om passief te sit en luister of nasê wat aan hulle voorgesê is[2].

Na die koms van die beter opgeleide Engelse onderwyseresse het die toestande begin verbeter. Meubels, boeke en ander skoolmateriaal het bygekom. Dit het dan ook 'n beter gehalte onderwys in die hand gewerk[3].

By Aardrykskunde is die Britse eilande as uitgangspunt geneem en daar is alleen van vertelling by die onderrig hiervan gebruik gemaak. Aanskouingsonderwys was buite die kwessie as gevolg van die gebrek aan hulpmiddels[4].

Heelwat aandag is aan sang bestee. Na die koms van die Engelse onderwyseresse is hoofsaaklik Engelse

/liedere .........

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 20.
2. Meegedeel deur verskeie persone.
3. Meegedeel deur verskeie persone.
4. Symington: a.w., 21.

liedere gesing[1]. Hierdie liedere het veral baie byval by die Superintendent van die kamp gevind[2].

(k) Vakansies. Die ouers het gewoonlik beswaar gemaak teen lang vakansies. Die gevolg was dat dit gewoonlik kort was. Gedurende April en Oktober was die vakansies tien dae, terwyl dit in Julie en Desember ongeveer twee weke was[3].

(l) Skoolbesoek. Alhoewel die skoolbesoek nie verpligtend was nie, is die ouers nogtans aangemoedig om hulle kinders na die skool te stuur.

Dat die skoolbesoek baie wisselvallig was, kan verstaan word, veral as in gedagte gehou word dat die kinders allerhande werkies vir hulle moeders moes verrig, soos bv. in die rye gaan staan vir rantsoene, brandhout en water aandra, tente help skoonmaak en kleiner boeties of sussies help oppas. Ook het bykomstige faktore soos swak kleding, koue, onrus en opgewondenheid hulle hierin laat geld. Baie ouers het eenvoudig geweier om hulle kinders skool toe te stuur, aangesien die skool met Engels as medium met agterdog bejeën is[4].

Die gemiddelde skoolbesoek in die Vereenigingse kamp was altyd besonder goed[5].

(m) Netheid en dissipline. Die netheid en dissipline van hierdie kampskool het telkens gunstige kommentaar uitgelok. So rapporteer die Algemene Superintendent van Kampe in Januarie 1902 dat die kinders hier die skoonste

/en bes ...........

---

1. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 20-22.
2. Maandrapport, Februarie 1902.
3. Symington: a.w., 23.
4. Ibid., 27-34.
5. Transvaalse Blouboek, 1902-1903: q.2.

en bes gedissiplineerde is van alle kampe wat hy besoek het[1]. Ook die Dameskomitee maak in hulle verslag melding van die netheid van die gebou en die kinders[2].

(n) Onderwysers (-esse). Individuele aandag aan leerlinge was buite die kwessie, want daar was gemiddeld 52 kinders per onderwyser in die Vereenigingse kamp[3].

Die besoldiging was aan die begin baie swak. Die salarisse was aanvanklik so laag as ongeveer £6 per maand, want die totale bedrag wat aan vier onderwysers (-esse) per maand (Julie 1901) betaal is, was £25[4].

Die Engelse onderwyseresse is uit Engeland en die Britse kolonies ingevoer nie net om die tekort aan leerkragte aan te vul nie maar ook om die Boerekinders te verengels; "to supply the Camps with the right sort of teaching material, we must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come out and complete the part of the work which their male relatives are unable to accomplish. Our military policy has gathered the greater part of the child population into these camps, and, as you will see from my report I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden .... What we want out here at present are women, thoroughly good teachers, and of patriotic mind .... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals .... to marry

/and become .......

---

1. Rapport van die Algemene Superintendent, 1902.
2. Cd. 893, 182.
3. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, Bylae A.
4. Ibid.

and become the mothers of children who would be taught to understand the greatness of the English Imperial idea ...."[1].

Die volgende persone het in die Vereenigingse kamp onderwys gegee[2]:

| Hoof | Onderwyseresse. |
|---|---|
| A.C. Evans | Mejj. J. van der Westhuizen,<br>C. Venter,<br>E.H. Stilwell,<br>J.G. Stilwell. |

Slegs besonderhede van die hoof se opvoedkundige kwalifikasies kon opgespoor word. Dit was: Mnr. Arthur Cecil Evans (Transvaalse Derdeklas Sertifikaat). Hy was later, 1908-1912, verbonde aan die Goewermentskool, Norton (Vlakfontein 169), Benoni[3].

Die hoof moes blykbaar die enigste gekwalifiseerde onderwyser daar gewees het, want "....the school is under the charge of a qualified teacher and four girl assistants ...."[4].

(o) <u>Die einde van die kampskool</u>. Die Vereenigingse konsentrasiekampskool het geleidelik gegroei totdat dit in Maart 1902 sy hoogtepunt bereik het met 'n rekordinskrywing van 393 leerlinge[5].

Na die Vrede van Vereeniging was die mense

/haastig ..........

---

1. Director of Education: Public education report, 1900-1904, appendix IV.
2. C.S. 12970/02.
3. O.D.-Band no. 5: Lêer no. 1635.
4. Cd. 819.
5. Maandrapport, Maart 1902.

haastig om na hulle plase terug te keer. Die inskrywings het vinnig begin daal; dog die skool is eers in November 1902 gesluit[1].

(p) Die invloed en waarde van die kampskool. Alhoewel die kampskoolstelsel wesentlik verskillend was van die Republiek se onderwysstelsel en die Boerevolk hulle daarby moes aanpas, en alhoewel dit nie by die volksbehoefte gepas het nie en vol tekortkomings was, het dit nogtans sy waarde gehad.

Die kampskool was 'n soort ligpunt gedurende daardie donker jare van ons volksgeskiedenis. Daardie kinders wat na die oorlog vanweë ekonomiese druk en die skaarste aan plaasarbeiders nie verder die skool kon bywoon nie, het tog vir 'n tydjie onderwys in die kampskole ontvang. Kinders wat anders in die kampe vir „kwaadgeld" sou rondloop, is nuttig besig gehou. By sommige leerlinge was die kampskool die dryfveer vir verdere studie na die oorlog. Die bietjie Engels wat hulle geleer het, het baie nuttig te pas gekom na die oorlog. Die Engelse leerkragte was in die reël beskaafde, ontwikkelde en verfynde persone wat 'n heilsame invloed op die leerlinge uitgeoefen het. Hulle het hul taak met erns aangepak en met hulle beste pogings vorendag gekom. Hulle het ook daarin geslaag om 'n goeie gesindheid tussen die onderwyser en die kind te skep[2].

4. Samevatting. Die konsentrasiekamp op Vereeniging is in

/Januarie .......

---

1. Transvaalse Blouboek, 1902-1903: q.2.
2. Symington: Die konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 69-71.

Januarie 1901 gestig op die noordelike oewer van die Vaalrivier, suid-oos van die dorp. Die inwoners van hierdie kamp is as „van 'n meerderwaardige tipe" beskou.

Vier maande na die stigting van die kamp is die kampskool ingestel met twee "refugee"-onderwysers. Op 26 Mei 1901 is die hoof van die skool aangestel. Aanvanklik is hy deur genoemde twee onderwysers bygestaan, maar teen die einde van 1901 was daar vyf onderwysers op die personeel.

Op 26 Mei 1901 het 100 leerlinge die skool besoek. Hierdie getal het egter stadig gegroei tot daar 393 leerlinge was in Maart 1902. In November 1902 is dié skool gesluit.

Die meubels wat in die kampskool gebruik is, was grotendeels afkomstig van die kampbewoners self, maar later is ses mans aangesê om banke vir die skool te vervaardig.

Tente het gedien as klaslokale. Aanvanklik is twee markeetente gebruik maar Marks het later 'n groot sinkvertrek aan die skool geskenk. Later het nog 'n stoeitent bygekom om in die huisvestingsvraagstuk te voorsien.

Die daaglikse skoolure was tussen ongeveer 8 vm. en 1 nm., met 'n halfuur pouse. In hierdie tyd is slegs die mees elementêre vakke onderrig, met klem op die drie r'e, godsdiensonderrig, Engels, sang en liggaamsoefeninge. Die medium van onderrig was feitlik deurgaans Engels.

Die skoolbesoek het uit die aard van die saak veel te wense oorgelaat, want nie alleen was die bywoning van die skool nie-verpligtend nie, maar die kinders moes ook talle takies vir hulle moeders verrig. Hierbenewens

het die kampbewoners ook afsydig gestaan teenoor die Engelse en alles wat daarmee in verband gestaan het.

Alhoewel dié skoolstelsel en die medium verskillend was van dié van die Republiek, het die kampskool nogtans sy waarde gehad, want dit het darem 'n mate van onderwys en opvoeding aan diegene gebied wat na die oorlog van dié voorreg verstoke sou wees. Ook het die kennis van Engels handig te pas gekom in die lewe wat gevolg het na die sluiting van die vrede. Die kampskool het ook verhoed dat die kinders heeldag in die kamp vir kwaadgeld rondloop.

Oor die kampskool op Vereeniging is by verskillende geleenthede lofwaardige aanprysings geuit. Dit is byvoorbeeld deur die Algemene Superintendent in Januarie 1902 beskryf as die bes gedissiplineerde van alle kampskole wat hy besoek het.